SUIDER-PAARL GEMEENTE

Boodskap van die week

Josua: Wees sterk en vasberade!

Wees Anders...

Ons almal ken die geskiedenis van die Israeliete se trek uit slawerny, deur die uitdaging van die Rooi See, deur die moeilike 40 jaar in die woestyn op pad na die Beloofde Land, Kanaän. Hul leier, Moses, sterf, en skielik is hulle onseker oor hoe die toekoms gaan lyk. Maar God word nooit onkant gevang nie, en Hy kies vir Josua om oor te neem en die Israeliete die Beloofde Land in te neem.

Uit die Woord…

Josua 1: 1 - 9

1Na die dood van Moses, die dienaar van die Here, het die Here vir Josua, seun van Nun en assistent van Moses, gesê: 2“Moses my dienaar is dood. Maak jy nou gereed en trek deur die Jordaanrivier, jy en hierdie hele volk. Gaan na die land toe wat Ek aan hulle, die Israeliete, gee. 3Soos Ek vir Moses gesê het, gee Ek aan julle elke plek waar julle kom: 4van die woestyn af en van die Libanon af tot aan die groot rivier, die Eufraat, die hele gebied van die Hetiete tot aan die Groot See in die weste, alles sal julle woongebied wees. 5“Solank jy lewe, sal niemand bestand wees teen jou nie. Soos Ek by Moses was, so sal Ek by jou wees. Ek sal jou nie in die steek laat nie, jou nie verlaat nie. 6.Wees sterk, wees vasberade, want jy moet hierdie volk die land in besit laat neem wat Ek met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het.

7“Wees veral sterk en baie vasberade in die uitvoering van die wet wat my dienaar Moses jou beveel het. Moet daarvan nie links of regs afwyk nie. Dan sal jy voorspoedig wees, waar jy ook al gaan. 8Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees. 9Ek self gee jou die opdrag.

...Want Jesus is Anders...

Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan.”

Wat sê dit oor God en sy plan?

1. Wat leer die gedeelte vir ons oor God se voorsiening?
2. Wat dink jy het Josua gedink oor God se keuse?
3. Watter voorstelle sou jy vir God wou gee as jy sy raadgewer was?
4. Watter vrae of voorbehoude sou jy gehad het indien jy Josua was?

Wat vir vandag?

5. Wees sterk en vasberade: Waar vra God dit vandag vir my en jou?
6. Wat is vir jou die moeilikste aan jou geloof, as God jou vra om in Hom te glo.
7. Vertel vir mekaar, of dink aan ’n keer waar God jou sterk en vasberade gemaak het.
8. Watter belofte ervaar jy kom lê God in jou hart oor wat Hy vir jou ingedagte het.
9. As jy een ding vir God kon vra, wat sou dit wees. Enige iets!

Uitgedaag…

Neem ’n besluit om iets te gaan doen of te gaan wees as jy hoor dat die Here vir jou vandag, in hierdie tyd weer kom roep om anders te wees.

Gebed: Gee jouself vir die Here, vra Hom om jou die geloofsmoed te gee om te doen wat Hy van jou vra.